VOORKEUR VERKRYGINGS SKEDULE (80/20)

Definisies:

- **"Histories Benadeelde Individu" (HBI)** beteken 'n Suid-Afrikaanse burger –

  (1) wat, vanweë die apartheidsbeleid wat in plek was, geen stemreg in nasionale verkiesings voor die invoering van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983 (Wet No. 100 van 1983) of die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993) ("*die tussentydse Grondwet*"), gehad het nie; en/of
  (2) wat 'n vrou is; en/of
  (3) wat 'n gebrek het.

  Met dien verstande dat 'n persoon wat Suid-Afrikaanse burgerskap op of voor die inwerkintreding van die tussentydse Grondwet verkry het, geag word nie 'n HBI te wees nie.

- **"'n Vrou"** verwys na 'n vroulike persoon wat 'n Suid-Afrikaanse burger is.

- **"Gestremdheid"** verwys na 'n persoon met 'n permanente liggaamsgebrek, verstandelike gestremdheid, gewaarwordingsgestremdheid, wat lei tot inperking of gebrek, of die gebrek aan die vermoë om liggaamlike funksie uit te voer in die wyse of binne die vermoë van 'n normale persoon.

- **"HBI ekwiteitseienaarskap"** verwys na die persentasie van 'n onderneming of besigheid wat deur individue besit word, of in die geval van 'n maatskappy, die persentasie aandele wat besit word deur individue wat aktief betrokke is in die bestuur en daaglikse besigheidsbedrywighede van die onderneming of besigheid en wat beheer uitoefen oor die onderneming, eweredig aan hulle stand van eienaarskap by die sluiting van die tender. Waar individue nie aktief betrokke is in die bestuur en daaglikse besigheidbedrywighede nie, en nie beheer uitoefen oor die onderneming eweredig aan die graad van hul eienaarskap nie, kan ekwiteitseienaarskappe nie geëis word nie.

TENDERAARS SAL PUNTE TOEGEKEN WORD VIR DIE VOLGENDE FAKTORE:

1.	Tender prys	80 punte
2.	Stemreg – Ekwiteitseienaarskap	8 punte
3.	Vroue– Ekwiteitseienaarskap	1 punt
4.	Gestremdheid – Ekwiteitseienaarskap	1 punt
2.	Plaaslike aard van onderneming	10 punte
TOTAAL		100 punte

Berekeninge sal gedoen word tot twee desimale punte.

1. TENDER PRYS

Die berekening word gebasseer op die volgende formule:

$$Ps = 80 \times \left[1 - \left(\frac{Pt - P\,min}{P\,min} \right)\right]$$

Waar

Ps	=	Punte aangeteken vir prys van tender onder oorweging
Pt	=	Randwaarde van tender onder oorweging
Pmin	=	Randwaarde van laagste aanvaarde tender.

2. STEMREG – EKWITEITSEIENAARSKAP

'n Maksimum van 8 punte sal toegeken word aan 'n tenderaar wat nie stemreg gehad het volgens die definisie van 'n HBI nie en/of met so 'n persoon gesubkontrakteur is.

Ekwiteitseienaarskap vir stemreg sal bepaal word aan die hand van die % van die onderneming wat deur so 'n persoon besit word of die % van die aandele van lede wat aktief betrokke is by die dag tot dag bedrywighede van die maatskappy of onderneming.

% van Onderneming wat deur persone wat nie stemreg besit het nie.....%

Dus punte geëis : $8 \times \frac{.....\%}{100} =$ [ ] (Dra oor na 6.1)

Bewyse van eienaarskap moet aangeheg word in die vorm van :

1) beëdigde verklaring
2) 'n beëdigde afskrif van die stigtingsdokumentasie van die firma waar die eienaarskap gelys word.

3. VROUE - EKWITEITSEIENAARSKAP

'n Maksimum van 1 punte sal toegeken word aan 'n tenderaar wat 'n vrou en/of met 'n vrou gesubkontrakteur is.

Ekwiteitseienaarskap vir vroue sal bepaal word aan die hand van die % van die onderneming wat deur vroue besit word of die % van die aandele van lede wat aktief betrokke is by die dag tot dag bedrywighede van die maatskappy of onderneming.

% van Onderneming wat deur vroue besit word.....%

Dus punte geëis : 1 X $\frac{.....\%}{100}$ = [ ] (Dra oor na 6.2)

Bewyse van eienaarskap moet aan hierdie bladsy geheg word in die vorm van :

1) beëdigde verklaring
2) ‘n beëdigde afskrif van die stigtingsdokumentasie van die firma waar die eienaarskap gelys word.
3) ‘n beëdigde afskrif van die vrou(e) se ID-dokument(e).

4. GESTREMDHEID - EKWITEITSEIENAARSKAP

‘n Maksimum van 1 punte sal toegeken word aan ‘n tenderaar wat gestremd is en/of met ‘n gestremde gesubkontrakteur is.

Ekwiteitseienaarskap vir gestremdheid sal bepaal word aan die hand van die % van die onderneming wat deur ‘n gestremde besit word of die % van die aandele van lede wat aktief betrokke is by die dag tot dag bedrywighede van die maatskappy of onderneming.

% van Onderneming wat deur ‘n gestremde besit word.....%

Dus punte geëis : 1 X $\frac{.....\%}{100}$ = [ ] (Dra oor na 6.3)

Bewyse van eienaarskap moet aan hierdie bladsy geheg word in die vorm van :

1) beëdigde verklaring
2) ‘n beëdigde afskrif van die stigtingsdokumentasie van die firma waar die eienaarskap gelys word.
3) ‘n Beëdigde verklaring van u mediese dokter wat die graad van u gestremdheid sertifiseer.

5. PLAASLIKE AARD VAN ONDERNEMING

‘n Maksimum van 10 punte sal toegeken word aan ‘n tenderaar waarvan ‘n aktiewe kantoor binne die volgende gebiede geleë is:

a) Binne die grense van die RSA?

JA - 1 punte
NEE - 0 punte

b) Binne die grense van die Wes-Kaap Provinsie?

JA - 3 punte
NEE - 0 punte

c) Binne die grense van die Weskus Distriksmunisipaliteit en geregistreer is as heffingpligtige.

JA - 6 punte
NEE - 0 punte

TOTALE PUNTE GEËIS VIR PLAASLIKE AARD VAN ONDERNEMING

(Dra oor na 6.4)

Ten einde vir punte onder hierdie afdeling in aanmerking te kom, word ‘n aktiewe kantoor beskou as ‘n kantoor waar personeel gekontak kan word en van waar u u besigheid bedryf. Ter stawing hiervan moet die volgende beëdigde bewyse aangeheg word:

1) fisiese adres van maatskappy
2) firma registrasie nommer
3) registrasie nommer toegeken deur en ligging van kantoor van plaaslike owerheid waar heffings betaal word.

6. OPSOMMING VAN TOTALE PUNTE GEëIS ONDER AFDELING 2, 3, 4 & 5

6.1	Stemreg – Ekwiteitseienaarskap (Par 2)	
6.2	Vroue – Ekwiteitseienaarskap (Par 3)	
6.3	Gestremdheid – Ekwiteitseienaarskap (Par 4)	
6.4	Plaaslike Aard van Onderneming (Par 5)	
TOTALE PUNT GEëIS VIR (2) + (3) + (4) + (5)		